Daar ís waarde in die Alternatief

Tegniese siening
Shaun van den Berg

Die Alt^{X}, die JSE se alternatiewe beurs vir kleiner maatskappye, was tot nou 'n suksesverhaal.

Maar dit is in moeilike ekonomiese toestande wat die beurs werklik getoets word. Kleiner maatskappye is tydens 'n afswaai taamlik riskant, gewoonlik weens 'n gebrek aan kontantreserwes.

Beleggers is geneig om met die eerste tekens van probleme kleiner maatskappye se aandele te verkoop. Die Alt^{X} se indeks het sedert die begin van dié krisis in Oktober verlede jaar meer as die helfte van sy waarde verloor.

In 'n stygende mark is beleggers geneig om eers na die groter en bloubloed-aandele te kyk, dan na middelslag-aandele en dalk later kleiner maatskappye.

Verlede week het ons na twee moontlike spekulatiewe winskopies op die Alt^{X} gekyk, naamlik Huge en OneLogix. Vandag kyk ons na Simeka en Taste Holdings wat in dieselfde kategorie val. Beleggers word aangeraai om versigtig te wees en hul huiswerk te doen wanneer dié aandele oorweeg word.

Scooters Pizza word deur die Alt^{X}-genoteerde Taste Holdings besit. Dié groep het tot dusver 'n goeie vertoning in stram ekonomiese toestande gelewer.





Simeka BSG

Simeka BSG het nou as 'n sake-oplossingsgroep in inligting- en kommunikasie-tegnologie ontwikkel, wat nis-tegnologie aan die mynbedryf, telekommunikasie-, finansiëledienstesektor en publiek verskaf. Hy word onderskei deur sy bestuurskonsultasie-vermoë wat sy tegnologie-inwerkingstellingsdienste aanvul.

Dié aandeel kom aanloklik voor met 'n historiese prys-verdienste-verhouding (p/v) van minder as 2 bevredigende winsmarges en 'n skaflike opbrengs op ekwiteit. Gegewe die groep se aggressiewe oorname-strategie en voortdurende veranderende aard, kan die aandeel net by spekulatiewe beleggers aanbeveel word.

Uit 'n tegniese oogpunt kom dit beeragtig voor met verhandeling wat onder sy bewegende gemiddeldes plaasvind. Hierdie twee bewegende gemiddeldes moet mekaar nog kruis en saam opwaarts neig om 'n bulfase aan te dui. Die aandeelprys het nou ondersteuning by 22c gekry en dit wil voorkom of 'n sogenaamde dubbelbodem- omswaai-formasie gevorm word wat die vermoede laat ontstaan dat die aandeel kort voor lank kan omswaai en styg. Weerstand kan by 26c verwag word, maar as dit dié vlak kan verbygaan, is 'n nuwe bulfase gevestig.

Taste

Taste is die beheermaatskappy van die Scooters Pizza- en Maxi's-voedselhandelsmerke, asook die juweliersketting NWJ Holdings. Dié groep vaar relatief goed in stram ekonomiese toestande. Dit behaal stewige winsmarges en genereer heelwat kontant.

> “Maatskappye in dié sektor (Alt^{X}) wat die huidige resessie kan oorleef, sal in alle waarskynlikheid verder in die toekoms gedy.

Teen 'n historiese p/v van minder as 4,9 is die groep se waardasie redelik aanloklik.

Beleggers moet egter versigtig wees omdat die groep tydens moeilike ekonomiese toestande in 'n ander bedryf betrokke geraak het. Dit laat my toe om die aandeel net by spekulatiewe beleggers aan te beveel.

Hy verhandel bo sy bewegende gemiddeldes met 'n tendens wat bulagtig voorkom.

Die Alt^{X} moenie uit die oog verloor word nie. Maatskappye in dié sektor wat die resessie kan oorleef, sal waarskynlik verder in die toekoms gedy.

■ *Van den Berg is hoof- tegniese ontleder by PSG Online.*